BROMVOëLS EN DIE KERK

JULIAN MüLLER

Op Dingaanstad, op die koppie oorkant Dingaan se kraal, in die skadu van 'n reuse betonkruis wat van ver gesien kan word, staan daar 'n kerkgebou van die Verenigende Gereformeerde Kerk. Die bestaan van die gemeente daar waar Dingaan vir Retief en die groep voortrekkers laat vermoor het, is in sigself 'n wonderlike stukkie simboliek. Die simbool van die evangelie wat in staat is om ou klowe te oorbrug en "een nuwe mensheid" (Efes 2:15) tot stand te bring. Daarom is dit so betekenisvol dat daar juis op daardie plek inisiatief geneem word om 'n nuwe versoening tussen veral Zoeloes en Afrikaners tot stand te bring. Op 16 Desember 2000 was daar so versoeningsbyeenkoms waaraan ek ook die voorreg gehad het om deel te neem.

Terwyl ek die twee dae daar saam met ds Deon Snyman, die plaaslike leraar, deurgebring het, het hy my 'n ander storie vertel, wat vir my enersyds snaaks is, maar andersyds ook vol simboliek is.

Die eenvoudige kerk het gewone staalvensters wat tot redelik laag, naby die grond, afkom. Al die onderste ruite is wit geverf en toe ons so by die kerk stilhou, het Deon seker die vraag in my gemoed aangevoel en toe verduidelik. Daar is 'n kolonie Bromvoëls in die omgewing en wanneer dit broeityd is, is hulle al om die kerk en met hulle groot sterk bekke (die Engelse benaming vir die Bromvoël is Grounded Hornbill) pik hulle teen die ruite tot dit stukkend is. So het die kerk baie skade gely en toe met die blink gedagte vorendag gekom om die vensters wit te verf. Want die rede vir die gepik is natuurlik dat die broeise en jaloerse mannetjie voëls hulle ewebeelde in die kerkvensters gespieël sien en dadelik tot die aanval oorgaan!

Dit is nie die enigste plek waar die kerk aangeval word deur skepsels wat hulle eie spieëlbeeld in die kerk weerkaats sien nie! Om die waarheid te sê, ek dink dit is juis wat ons die meeste irriteer van die kerk. Die feit dat dit ons so baie aan onsself herinner. Ons word kwaad vir die kerk omdat dit so verskriklik menslik is en meestal die selfde swakhede openbaar wat ons ook in onsself erken. As die kerk maar bietjie meer goddelik was en bietjie minder menslik, sou ons nie so 'n behoefte gehad het om te kritiseer nie.

Daarom is mense geneig om redelik gemaklik met hulle eie sondes en dié van die bure saam te leef, maar as dieselfde swakhede by die dominee opgemerk word, is dit onaanvaarbaar. Mense wil nie hulleself afgespieël sien in die kerk nie! Hulle wil iets beter sien. Die kerk, so voel hulle, is 'n plek vir heiliges en ikone, nie vir gewone sondaars nie. Die kerk moet iets vertoon van daardie onbereikbare ideale waarna ons almal streef. As hy dit nie regkry nie, pik ons verwoed daarna met swaar kritiek. Dikwels onbillike en ongegronde kritiek.

Nou wat is die oplossing? Een oplossing is natuurlik om die kerk wit te verf (whitewash). Dit was Deon en sy kerkraad se oplossing met die Bromvoëls en ek wil geensins hulle oplossing kritiseer nie. Ek dink dit was 'n wonderlike oplossing om die kerk se vensters te red en ook die kolonie Bromvoëls te beskerm. Dit is nie altyd dat 'n kerk so 'n wen-wen oplossing kry nie. Maar as ons verder met ons simboliese storie gaan, is dit glad nie 'n goeie oplossing nie.

Ongelukkig neem die kerk dikwels sy toevlug tot whitewash wanneer daar kritiek uitgespreek word. Hy whitewash homself in 'n poging om van die pyn van die kritiek ontslae te raak. Dit beteken die kerk trek haarself terug binne die witgepleisterde mure en hou 'n heilige front voor. Die kerk speel dus maar baie keer saam met die speletjie: Die mense hou nie van hulle eie spieëlbeelde nie en wil hê die kerk moet heiliger vertoon; en die kerk hou nie van die kritiek nie en probeer om al heiliger te vertoon. 'n Onheilige speletjie wat die kerk al verder van die mense verwyder en al meer die illusie skep dat daar dalk tog sulke goed soos heiliges op aarde bestaan.

'n Ander oplossing sou natuurlik wees om die Bromvoëls 'n les te leer. Die kerkraad van Dingaanstad sou kon geweier het om sy vensters wit te verf en geëis het dat die Bromvoëls reggesien word. Mens sou die voëls kon vakant maak, of 'n veiligheidswag huur om hulle dag en nag dop te hou, of 'n voëlverskrikker op die kerkterrein aanbring.

Dit is wat die kerk meestal doen, wanneer hy aangeval word en gekritiseer word. Soek die fout by die dom lidmate. Bombardeer hulle met ander inligting, beheer hulle denkprosesse, help hulle om beter insig te hê in die kerk met al sy probleme. Die fout kan tog nie by die kerk wees nie, dit moet by die kritici lê.

Dit is dikwels die media wat die taak (roeping?) het om soos die Bromvoëls teen die kerk se vensters te pik. Hoe dikwels gebeur dit dan nie dat die kerk, in plaas van om self ondersoek te doen, begin om die media te beskuldig. Onlangs nog het ek dit weer beleef dat op 'n sinodesitting daar baie onvriendelike woorde na die pers geslinger is. Na my mening, heeltemal onverdiend.

Die kerk se vensters is snaaks. Van buite is hulle soos spieëls en jy sien net jou eie weerkaatsing as jy met kritiese oë probeer inkyk. Maar van binne is hulle ook soos spieëls. As jy van binne met veroordeling na buite probeer loer, sien jy ook maar net jou eie gesig, as jy goed kyk.

Daarom is dit goed om maar die spieël-effek te behou en nie die vensters te verf nie. Op Dingaanstad was dit 'n goeie plan, maar simbolies gesproke is dit 'n slegte idee. As die kerk ware kerk is, voorsien hy spieëls vir die wat van buite loer én die wat van binne gluur.